# SWARTLANDSKOU 6 – 9 SEPTEMBER 2107

Posbus 97
Kantoor 0224331607
info@swartlandskou.co.za

23 Junie 2017

## MERINO KAMPIOENSKAPPE - UITNODIGING

Die Bestuur van die ***Skaap Afdeling*** en ***Swartlandskou*** nooi u vriendelik uit om aan ons Merino Kampioenskappe deel te neem op Donderdag 7 September 2017. Ons uitnodiging word vergesel van die Inskrywingsvorm en Klaslys, ook beskikbaar by info@swartlandskou.co.za

Die inweeg en merk van die diere vind plaas van 7:00vm – 8:30vm en word hanteer deur baie bekwame Verteenwoordigers van BKB. Die Kampioenskappe begin om 9:00vm onder die CMW Skaap Afdak langs die Veepos.

Vertoners word ontvang langs die Veepos deur die Organiseerders waar u koffie,tee,beskuit en toebroodtjies kan geniet terwyl u hanteerders u diere help inweeg.

Ons bederf u met middagete wat geniet word in die Veepos. Ons voorsien ook vir elke hanteerder, wat die dag van die Skou in die ring vertoon, van middagete en ‘n koeldrank wat hulle by die LIONS Kafee op die gronde geniet.

Ons oorhandig prysgeld en rosette aan die 1 Ste en 2 De plasings van klasse, sowel as Kampioene en Reserwe Kampioene. Ons gee ook erkenning d.m.v. ‘n roset (1-5 plasings) en Prysgeld (1-5 plasings) aan die 5 beste Hanteerders op die dag van die Skou.

Die ***Skaap Afdeling*** van ***Swartlandskou*** het die afgelope 3 jaar ongelooflik gegroei aan vertoners, toeskouers en betrokkenheid van Borge.

Dit sal vir ons aangenaam wees om u te ontvang by die ***Merino Kampioenskappe***. Kontak ons gerus indien u belangstel of enige inligting verlang.

Vriendelike Skougroete!

*Matthys Carstens*
**Merino Sameroeper** *Kontak nr.* 083 235 4180

*Pieter Groenewald* - BKB *Kontak nr.* 082 312 1036